higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

N390**(A)**(J13)H

NASIONALE SERTIFIKAAT

EDUCARE DIDAKTIEKTEORIE EN PRAKTIES N5

(7080115)

13 Junie 2018 (X-Vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 8 bladsye.

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
EDUCARE DIDAKTIEKTEORIE EN PRAKTIES N5
TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.
2. Lees AL die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1–1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1 Kinderbedjies in die baba kamer moet ... uitmekaar wees.

A 600 mm
B 650 mm
C 700 mm
D 750 mm

1.2 Die belangrikste verskil tussen 'n konsep en 'n feit is dat die konsep 'n breër en meer ... idee is.

A gefokusde
B algemene
C verkleinde
D beperkte

1.3 Dit is wanneer die intuïsie fase van Piaget se teorie plaasvind:

A Geboorte tot 2 jaar
B 2 tot 4 jaar
C 4 tot 6 jaar
D 6 tot 8 jaar

1.4 Dit is die hoofdoel vir die beplanning van 'n uitstappie vir kinders:

A Sodat hulle hulself kan vermaak
B Om hul lewe wêreld te verbreed
C Sodat hulle uit die klaskamer kan kom
D Sodat hulle kan vry wees

1.5 Tempo word beskryf as die ... waarteen geluide mekaar volg.

A ritme
B luidheid
C spoed
D sagtheid

1.6 Die skematiese stadium van tekening vind op ouderdom van ... plaas.

A 2½-3 jaar
B 3½-4 jaar
C 4½-5 jaar
D 5½-9 jaar

Kopiereg voorbehou

1.7 Voorbeelde van perkussie-instrumente is ...

A kitaar, dromme, skudder.
B simbale, driehoek, drom.
C driehoek, tamboeryn, klavier.
D tamboeryn, klavier, skudder.

1.8 Op hierdie ouderdom begin kinders net hardloop sonder om te val:

A 1 jaar
B 2 jaar
C 3 jaar
D 4 jaar

1.9 Die aantal kinders wat op een slag in die fantasie speelplek toegelaat moet word:

A 3 tot 4
B 4 tot 6
C 6 tot 8
D 8 tot 10

1.10 Die mees geskikte vloerbedekking vir die speelkamer:

A Los matte
B Teëls
C Sintetiese bedekkings
D Matte (10 × 2) **[20]**

VRAAG 2

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'waar' of 'onwaar' langs die vraagnommer (2.1–2.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

2.1 Kinders ontwikkel gewoonlik hul fisiese vaardighede wanneer hul spiere gereed is.

2.2 Anekdotiese rekords dien as 'n gebeurtenis vertelling deurdat 'n verhaal van begin tot einde vertel word.

2.3 Sand en water speel is geslote spel.

2.4 'n 3-Jarige kind kan op een been balanseer.

2.5 Die bewoording en kommentaar in 'n verslag moet spontaan geskryf word.

2.6 Die meeste 3-jarige kinders het nog hulp nodig om hul eie knopies vas te maak.

Kopiereg voorbehou

2.7 Toename in hardheid staan bekend as decrescendo.

2.8 Enige materiaal kan tydens kreatiewe aktiwiteite aan kinders gebied word.

2.9 Konsepvorming beweeg van die abstrak na beton.

2.10 Konsepvorming is afhanklik van perseptuele waarnemings.

(10 × 2) **[20]**

VRAAG 3

Gee EEN woord of 'n term vir elk van die volgende beskrywings. Skryf slegs die woord of 'n term langs die vraagnommer (3.1–3.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

3.1 Skep water of sand op met 'n skeplepel.

3.2 Materiaal van plastiek of kartondose in 'n piramide bou.

3.3 Die interpretasie van inligting wat deur die ore ontvang word en dan na die brein gestuur word.

3.4 Die unieke eienskappe van klanke wat ons toelaat om tussen hulle te onderskei.

3.5 'n Groep mense wat musiek maak met instrumente

(5 × 2) **[10]**

TOTAAL AFDELING A: 50

Kopiereg voorbehou

AFDELING B

VRAAG 4

4.1 Bespreek die aspekte wat in ag geneem moet word by die kies van meubels en toerusting vir die speelkamer. (5 × 2) (10)

4.2 Noem VYF voordele van kreatiewe kunsaktiwiteite. (5)

4.3 Noem SES klein toerusting items wat gebruik kan word vir die buite speelarea. (6)

4.4 Gee VYF geskikte morsige speelaktiwiteite vir kleuters. (5)

4.5 Dui die vaardighede aan wat deur elk van die volgende manipulasie-aktiwiteite ontwikkel sal word:

4.5.1 Speel met legkaarte

4.5.2 Bou met blokke

4.5.3 Draadkrale

(3 × 3) (9)

4.6 'Vroeë musikale opleiding doen meer vir kinders as net om dit makliker te maak vir hulle om musiek te geniet. Dit verander die brein en hierdie breinveranderinge kan lei tot kognitiewe vooruitgang ook.'

[Yunxin Wang van *Beijing Normal University*]

4.6.1 Noem hoe musiek die kind intellektueel kan stimuleer. (5)

4.6.2 Bespreek VYF wiskundige vaardighede wat deur die gebruik van musiek ontwikkel kan word. (10)

[50]

VRAAG 5

5.1 Mej. Mthembu is die nuwe opvoeder by Nemo se dagsorgsentrum.

Verduidelik aan haar die belangrikheid van skriftelike beplanning. (10)

5.2 Boeke het die vermoë om kleuters op talle maniere te bevoordeel. Voorlees vir 'n kind is een van die belangrikste dinge wat jy kan doen om hom voor te berei en 'n grondslag vir akademiese uitnemendheid te bied.

Verduidelik die waarde wat storieboeke vir elk van die volgende aspekte van 'n kind se ontwikkeling het:

5.2.1 Fisiese ontwikkeling

5.2.2 Sosiale ontwikkeling

5.2.3 Emosionele ontwikkeling

(3 × 3) (9)

5.3 Noem SES tipes storieboeke vir kleuters. (6)

5.4 Gee die doelwitte van elk van die volgende:

5.4.1 Inleiding tot 'n storiekring

5.4.2 Gevolgtrekking aan 'n storiekring

(2 × 3) (6)

5.5 Noem SEWE punte om in gedagte te hou wanneer geskikte temas vir kleuters gekies word. (7)

5.6 Nemo se dagsorgsentrum het geen geld om speelgoed vir sandspel te koop nie. Ouers word aangemoedig om nuttige afvalmateriaal vir sandspel te skenk.

5.6.1 Noem DRIE items wat ouers vir sandspel kan skenk.

5.6.2 Verduidelik hoe die kinders die geskenkde items wat in VRAAG 5.6.1 genoem word, sal gebruik.

(2 × 3) (6)

5.7 Gee SES geskikte oppervlaktes vir kleuters om op te verf. (6)

[50]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 6

6.1 Nemo se dagsorgsentrum is in 'n saal gevestig as 'n oopplan dagsorgsentrum.

Bespreek die nadele van hierdie tipe dagsorgsentrum. (5)

6.2 Noem VYF konsepte wat wiskundige begrip by kinders bevorder. (5)

6.3 Noem die doel van plakkate in 'n dagsorgsentrum. (5 × 1) (5)

6.4 Gee VYF voorbeelde van liggaamsperkussie. (5)

6.5 Beplan 'n kreatiewe les vir 'n groep van 12 kleuters van 3 jaar. Die tema is *blomme.*

U lesplan moet die volgende insluit:

6.5.1 ALGEMENE INLIGTING (6)

6.5.2 INLEIDING
Aktiwiteit (2)
Hulp/Apparaat (2)
Doel (2)

6.5.3 LIGGAAM
Aktiwiteit (6)
Hulp/Apparaat (2)
Doel (4)

6.5.4 GEVOLGTREKKING
Aktiwiteit (2)
Hulp/Apparaat (2)
Doel (2)
[50]

TOTAAL AFDELING B: 150
GROOTTOTAAL : 200

Kopiereg voorbehou